# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 20 Augustus 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## *20 Augustus*

***9:00 Erediens en Kinderkerk***
***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
***Teks:*** *Daniël 3*

***Teebeurt:*** *Wyk A*

*Kategese en Belydenisklas na die diens*

## *Hierdie week:*

**Woensdag, 23 Augustus (9:30) en(18:30):**
Bybelstudie en Bybelskool
**Vrydag, 25 Augustus (17:00):**
Wegneemetes
**(18:30):** Noot-vir-Nootaand
**Sondag, 27 Augustus (9:00):**
Nagmaal

Kry jou “vleis hamper” kaartjies by die deure of by die tee vandag! Trekking vind plaas op die Gholfdag

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 22/08 | Mnr | Tobie | Cornelius |
| 22/08 | Me | Driekie | Greyvenstein |
| 22/08 | Mnr | Dave | Jordaan |
| 22/08 | Me | Thea | Oosthuizen |
| 23/08 | Me | Colette | Nel |
| 24/08 | Me | Ansu | Fourie |
| 24/08 | Me | Karin | Makkink |
| 25/08 | | Eli | Els |



## Lief en Leed

- Esme Robinson wat herstel na 'n operasie.
- Suzette se broer wat siek is. Hy het MNS, en het baie verswak.
- Danie du Plessis.
- Natie du Plessis met die afsterwe van haar swaer.
- Johan en Beth Malherbe met die afsterwe van Johan se suster.
- Andre du Plessis wat 'n biopsie/toetse ondergaan het.
- Elaine Buys en haar broer met die afsterwe van hulle moeder Corrie

> **Indien jy graag wil hê ons moet vir jou bid, of weet van iemand wat voorbidding benodig, kontak gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Laat weet ons ook indien jy goeie nuus het om met die gemeente te deel!**

# Bedieninge, Projekte en Uitreike

### Gholfdag
### 8 September 2023

Ons hou ons Gholfdag weer by **Pretoria Gholfklub** die jaar.
Die vorms is in die voorportaal beskikbaar.

**Hoe kan ek deel wees?**

- Kom speel saam! Skryf 'n 4-bal in! (R2200 - Aandete en prysuitdeling ingesluit)
- Indien jy enige pryse, veilingsitems en donasies wil gee is jy ook welkom.
- Jy kan ook 'n gaatjie borg of adverteer op die Gholfdag (wissel tussen R900 en R2500)
- Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir 'n 4bal ook inskryf.
- Prystrekking vir 'n "*vleis hamper*" ter ware van R 1000: kaartjies vir 'n gelukkige prystrekking sal teen R50 elk verkoop word.



# HERWINNING

Die volgende items kan na die kerkterrein gebring word:
karton / papier / koerante / brosjures / eierhouers/ glas/ blikkies/ plastiese bottels/ langlewe melk / vrugtesap houers.

**Die volgende items kan nie herwin word nie:**

Polistireen/"Bubble wrap"/ Sagte kleefplastiek/ Keramiek.

*Vir enige navrae kontak die kerkkantoor*.





# Saamkuier geleenthede

## *Gemeentekamp (13-15 Oktober)*

Ons kamp weer by Riverside Paradise. Daar is ook selfsorg kamers en chalets vir die wat nie kampers is nie. Ons sal weer 'n kampgroep hê maar laat weet my (Fanus) solank by 0659634950 as julle wil saamgaan!

## *Noot vir Noot - Musiekaand*
## *Vrydag, 25 Augustus om 18:30*

Kom geniet 'n lekker musiek-vasvra kuieraand! Kom in 'n span of sluit by een aan op die aand. Bring gerus jou piekniekmandjie en iets om te drink. Indien jy nie wil deelneem nie is jy steeds welkom om saam te kom kuier! Daar sal ook burgers en skyfies te koop wees teen R50. Plaas jou bestelling asb teen Woensdag, 23 Augustus. Bestellings kan vanaf 17:00 afgehaal word by die kombuis.

Laat weet gerus ds Paullet as jy wil deelneem en/of die aand wil bywoon (076 841 1568).

# Dorkas se Kombuis

Ons wil BAIE DANKIE sê vir die konfyt wat ontvang is asook die klein houertjies marmelade.

Die 43 pakkies wat Woensdag uitgedeel is was ‘n lekker vol en swaar pakkies. Die Woolworths sakke wat ons al lank bymekaar maak, het dit makliker gemaak om te dra.

Saam met die konfyt is die volgende items uitgedeel: 1kg rys, 500g macaroni, 2x 200g soya (een boksie was mutton en die ander een chicken), 1x pakkie sop, 1 blikkie ertjies, 1 liter aanmaakkoeldrank, 40 sakkies rooibostee, 1kg suiker, 2x toiletpapier, 2x sanitêre ware en 1x seep.

Ons toiletware het nie hierdie keer tandepaste ingesluit nie. Tandepaste se pryse het die hoogte ingeskiet en daarom **VRA ONS ASB VIR BYDRAES VAN TANDEPASTE.**

Ons kon hierdie week ‘n bydrae lewer aan die Moot Sorgsentrum en hulle van R500-00 vir petrol voorsien ☺

Ons sien baie uit na die food donation drive wat deur een van UP se fakulteite se koshuis gehou word vir RHS. Daar is aangedui dat die insameling tot 31 Aug 2023 sal strek. Dankie dan ook vir die doppies wat hulle by RHS afgelaai het. Daar moes Donderdagoggend twee keer gery word om die doppies op te laai. Dankie vir almal hier betrokke. ‘n Rolstoel is in sig.

Dankie vir al die SPAR Rietfontein strokies wat ontvang is. Dankie Cecile wie die somme vir ons maak. Ons staan op ongeveer R 37 300-00 se strokies.
Sodra ons die R40 000-00 merk bereik sal ons dit weer afgee vir ‘n moontlike volgende voucher.

**Bankbesonderhede: M Janeke, Capitec Bank, Spaarrekening, 1651207613**

**Rietfontein Spar en Tops**

Bring asb al u Spar en Tops strokies kerk toe en gooi dit in die houer in die voorportaal. Spar gee vir ons geskenkbewyse wanneer ons genoeg strokies ingee. Dit word weer vir Dorkas se kombuis gegee.

**Kontak asb vir ds Paullet as jy op die Gemeente-Whatsappgroep wil wees. Ons deel daar belangrike inligting en afkondigings. Bly so op hoogte!**